

**JIP**

**MAANDAG, 17 NOVEMBER 2003 - Bl. 3**

## **Dwelms is gevaarlik, gevolge ook tragies**

DWELMS is allesbehalwe cool . Dit is 'n euwel wat al hoe erger word, ook in die Vrystaat en veral in Bloemfontein. In die Rosestad is talle jong mense reeds in die kloue van die dwelm-duiwel en is een jong man en vermoedelik ook 'n jong vrou reeds aan 'n oordosis dwelms dood.

Só vertel polisiemanne wat in Bloemfontein die eerste geheime operasie teen dwelmhandel in die Vrystaat gehou het. Agttien maande lank het die polisie se afdeling vir misdaadintelligensieinsameling (MII) en supt. Niekie Swanepoel van die eenheid teen georganiseerde misdaad hulle met die hulp van agente ingegrawe in die onderwêreld van dwelmmisdaad in nagklubs in die stad. Dit is 'n gevaarlike en tragiese onderwêreld wat verwoesting saai in jong lewens, sê hulle.

Die omvang van die dwelmnetwerk is skrikwekkend. In nagklubs in die stad waar dwelmsmouse hul vuilwerk doen, word op besige klub-aande van 20 tot 300 eenhede dwelms in elke klub verkoop. In die ondersoek is beslag gelê op ecstasy, kokaïen, heroïen, "Thai White" ('n mengsel van kokaïen en heroïen) en "micro dots" (suiwer gekonsentreerde LSD) met 'n straatwaarde van derduisende rande.

Die polisiemanne sê leiers van dwelmsindikate of dwelmbase in die Bloemfonteinse dwelmnetwerk kry vermoedelik hul dwelms in Johannesburg en Durban. In dié uiters winsgewende, maar vernietigende, bedryf verskaf die dwelmbase weer die dwelms aan sogenaamde hoof- runners wat afleweraars is vir die dwelmsmouse ( runners ). Runners verkoop die dwelms ten duurste aan gebruikers in die klubs.

Elke dwelmbaas beklee 'n magsposisie en het afsetgebiede waar ander dwelmbase nie geduld word nie. Konflikte geweld is deel van die dwelmwêreld. Dwelmsmouse wat met mekaar meeding, raak met mekaar slaags in klubs, sê die polisiemanne.

Die dwelmsmouse se hoofteikengroep in nagklubs is middelklas-jongmense tussen 18 en 20 jaar, maar jonger kinders is ook 'n teikengroep. Dit is nie slegs in klubs waar dwelms beskikbaar is nie. Dwelms is byna oral in die stad beskikbaar.

Wat dit aan jong mense doen, is vreeslik, sê die polisiemanne wat maande lank dag en nag deel was van die stad se dwelmwêreld.

"Dit vernietig hulle liggaamlik en geestelik. Verslawing neem stuk vir stuk toe en lei tot selfvernietiging. Jong mense steel elektriese broodroosters, videokameras, selfone en enigiets uit hul ouerhuise of elders om te betaal vir dwelms. Dit gaan ook gepaard met geweld en losse sedes. Jong meisies en vroue gee hulself aan mans oor in ruil vir dwelms. Talle jong verslaafdes eindig as stukkende mense in sielkundige inrigtings."

In 'n pleidooi aan jong mense sê die polisiebeamptes: "Bly weg van dwelms of vra hulp as jy reeds in die dwelm-ding is. Dit is nie cool nie. Dwelmhandelaars vernietig julle en hul dwelmgeld pomp hulle net weer in misdaad en verdere vernietiging."

Ouers word gevra om meer ingelig te wees en te besef hul kinders is 'n teikengroep. "Maak seker jy weet wat doen jou kind, wie is sy of haar vriende en in watter kringe beweeg hy of sy. Dit is jou kind en dwelmverslawing is nie maklik oorkombaar nie." . Drie vermeende dwelmbase in die stad, onder wie twee Nigeriërs, asook 30 vermeende smouse (runners), is ná die geheime ondersoek in twee groot klopjagte op nagklubs in die stad vasgetrek. Die geheime ondersoek het gekom ná verskeie klagtes deur ouers en mense in die gemeenskap oor aktiwiteite in nagklubs en oor dwelmverslawing. Tientalle dwelmgebruikers is ook tydens die ondersoek in hegtenis geneem en gewaarsku. Hofsake is aan die gang en die polisie in die Vrystaat sê dwelms is vir hom 'n prioriteit en hy sal met mening voortgaan om daarteen te veg. - dirk kok

## Dwelms kan oorwin word

VERSLAWING aan die dinge van die moderne lewe het 'n alledaagse eerder as 'n verskynsel geword.

"Dis deel van die samelewing waarin ons leef. Daar is 'n gebrek aan waardes onder mense," sê me. Santie Froneman, die adjunkdirekteur van die Aurora-alkoholen-dwelmsentrum in Bloemfontein.

"Die misbruik en die gevolglike afhanklikheid van dwelmmiddels - insluitend alkohol - is 'n proses, maar dit kan genees word," sluit die senior maatskaplike werker, me. Mariana van Dyk, aan.

"Afhanklikheid en verslawing is nie gebonde aan 'n sekere sosiaalekonomiese groep nie. Dit kan enigiemand insluk." Die Aurorasentrum bied al sedert die middel jare sestig rehabilitasie-programme vir verslaafdes van oor die land heen aan. Die program word gelei en beheer deur 'n span kundiges wat maatskaplike werkers, psigiaters en arbeidsterapeute insluit.

"Die sentrumprogram se doel is om drie mikpunte te bereik: Ten eerste om die pasiënt te leer om met goeie oordeel en insig die korrekte besluite te neem, tweedens om selfkennis op te doen en derdens om hom voor te berei op ontslag en die wêreld daar buite. Vir die laaste deel van die program word die mens wat die naaste aan die pasiënt is, versoek om saam met hom hier te bly om die oorgang tussen die sentrum en die samelewing net makliker te maak."

Een van die grootste risiko's wanneer 'n pasiënt ontslaan word, is terugvalling (relapse). Om só 'n situasie te voorkom beskik die sentrum oor 'n omvattende nasorgprogram wat onder meer individuele en groepsessies insluit. - pieter du toit

**Foto: 4 Kleur:**

**FOTO'S BO en LINKS: Van die dwelmmiddels waarop die polisie onlangs beslag gelê het. Die gekleurde pilletjies is Ecstasy en die geel sakkies bevat Thai White - 'n mengsel van heroïen en kokaïen. Die wit poeier op die geel plastieksak is kokaïen. FOTO'S: GERHARD LOUW**